



# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Wednesday, 15th June, 1938. WINDHOEK Woensdag, 15 Junie 1938. No. 752

## CONTENTS.

## INHOUD.

	<i>Page.</i>		<i>Bladsy.</i>
<b>Proclamation —</b>		<b>Proklamasie —</b>	
No. 18. Education Proclamation Amendment Proclamation, 1938 . . . . .	1293	No. 18. Onderwys Proklamasie Wysigingsproklamasie 1938 . . . . .	1293
<b>Government Notices —</b>		<b>Goewermentskennisgewings —</b>	
No. 83. Definition of Police Zone: Amendment of First Schedule to Proclamation No. 26 of 1928 . . . . .	1297	No. 83. Beskrywing van Polisiezone: Wysiging van Eerste Bylae van Proklamasie No. 26 van 1928 . . . . .	1297
No. 84. Registering Officer for the Proclaimed Area of Luderitz: Appointment as . . . . .	1298	No. 84. Registrasiebeampte vir die Geproklameerde Kring van Luderitz: Aanstelling as . . . . .	1298
No. 85. Okahandja Cattle Improvement Area: Appointment of Member of Board . . . . .	1298	No. 85. Okahandja Beesteverbeteringsgebied: Aanstelling van Lid van Raad . . . . .	1298
No. 86. Special Justice of the Peace, Karibib: Appointment as . . . . .	1298	No. 86. Spesiale Vrederegter, Karibib: Aanstelling as . . . . .	1298
No. 87. Marriage Officer: Appointment as . . . . .	1298	No. 87. Huweliksamptenaar: Benoeming tot . . . . .	1298
No. 88. Registering Officer for the Proclaimed Area of Karibib: Appointment as . . . . .	1298	No. 88. Registrasiebeampte vir die Geproklameerde Kring van Karibib: Aanstelling as . . . . .	1298
No. 89. Authorised Officer, Karibib, under the Extra-Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935: Appointment as . . . . .	1298	No. 89. Gemagtigde Amptenaar, Karibib, kragtens die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935: Aanstelling as . . . . .	1298
No. 90. Clerk of the Court, Karibib: Appointment as . . . . .	1299	No. 90. Klerk van die Hof, Karibib: Aanstelling as . . . . .	1299
No. 91. Cattle-free Zone: Northern Kaokoveld . . . . .	1299	No. 91. Sone vry van Vee: Noordelike Kaokoveld . . . . .	1299
No. 92. Lung sickness Inoculation: Northern Kaokoveld . . . . .	1299	No. 92. Inenting teen Longsiekte: Noordelike Kaokoveld . . . . .	1299
No. 93. Lung sickness Inoculation: Okavango and Eastern Caprivi Zipfel . . . . .	1300	No. 93. Inenting teen Longsiekte: Okavango en Oostelike Caprivi Zipfel . . . . .	1300
No. 94. Consul of Spain for the Union of South Africa, and the Mandated Territory of South West Africa: Appointment as . . . . .	1300	No. 94. Konsul van Spanje vir die Unie van Suid-Afrika en die Mandaatgebied Suidwes-Afrika: Aanstelling van . . . . .	1300
<b>General Notices —</b>		<b>Algemene Kennisgewings —</b>	
No. 34. Banks' Statement — April, 1938 . . . . .	1300	No. 34. Bankeopgawe — April 1938 . . . . .	1300
No. 35. List of Companies registered . . . . .	1300	No. 35. Lys van Maatskappye geregistreer . . . . .	1300
No. 36. Deputy Sheriff, Magisterial District of Luderitz: Appointment as . . . . .	1301	No. 36. Onderbalju, Magistraatsdistrik Luderitz: Aanstelling as . . . . .	1301
No. 37. Company removed from the Register . . . . .	1301	No. 37. Maatskappy van die Register geskrap . . . . .	1301
<b>Advertisements —</b>		<b>Advertensies —</b>	
Estate Notices, etc., etc. . . . .	1301	Boedelkennisgewings, ens., ens. . . . .	1301

**PROCLAMATION**

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,  
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 18 of 1938.]

WHEREAS it is desirable further to amend the law relating to public education;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. In this proclamation the expression "the principal proclamation" shall mean the Education Proclamation, 1926 (Proclamation No. 16 of 1926), as amended from time to time.

2. Section *fifty* of the principal proclamation is hereby amended by the addition of the following words at the end thereof: "Where such teacher is transferred as aforesaid his salary shall be determined *mutatis mutandis* in accordance with the rules laid down in section *seventy-six*, provided that the Director may for the purpose of fixing his salary disregard the whole or any portion of his experience."

3. (1) Section *sixty-six* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

"Scales of salaries — from when and to whom applicable. 66. Subject to the provisions of section *sixty-five* the scales of salaries laid down in this Chapter shall be of application to all teachers who are in the service of the Department on the first day of April, 1938, or who shall be appointed to the said service thereafter."

(2) Notwithstanding anything contained in sub-section (1) hereof, it is provided that no teacher who was in the service of the Department on the first day of April, 1938, shall suffer any diminution of salary or of incremental prospect by the introduction of any new scale of salary put in force as from the said date, as compared with the scale on which he was serving up to and before the said date.

4. Section *sixty-seven* of the principal proclamation is hereby repealed and the following new section substituted therefor:—

"Scales of salaries: Farm Schools. 67. The scales of annual salaries for teachers in Farm Schools shall be as detailed hereunder:—

Grade of Teacher.	Men.	Women.
Grade A.	£150 rising by annual increments of £10 to £200.	£120 rising by annual increments of £7.10 to £150.
Grade B.	£195 rising by annual increments of £10 to £245.	£150 rising by annual increments of £7.10 to £180.
Grade C, D or E.	£250 rising by annual increments of £10 to £300.	£180 rising by annual increments of £7.10 to £210."

5. Section *sixty-eight* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

"Scales of salaries: Primary Schools. 68. (1) The scales of annual salaries for assistant teachers in Primary Schools shall be as detailed hereunder:—

**PROKLAMASIE**

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,  
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 18 van 1938.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet met betrekking tot openbare onderwys verder te wysig;

SO IS DIT dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdhede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en as volg bekendmaak:—

1. In hierdie Proklamasie beteken die uitdrukking "die hoofproklamasie" die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie No. 16 van 1926), soos van tyd tot tyd gewysig.

2. Artikel *vyftig* van die hoofproklamasie word hiermee gewysig deur die volgende woorde aan die end daarvan te voeg: "Wanneer so 'n onderwyser verplaas word soos voormeld word sy salaris *mutatis mutandis* vasgestel in ooreenstemming met die reëls wat in artikel *ses-en-sewentig* neergelê is, met dien verstande dat die Direkteur, vir die doeleindes om sy salaris vas te stel, die hele of enige gedeelte van sy ondervinding kan veronagsaam.

3. (1) Artikel *ses-en-sestig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:

vSalarisskale: 66. Onderhewig aan die bepalinge van artikel  
ean wanneer vyf-en-sestig is die salarisskale in hierdie hoofstuk  
tn op wie vasgestel van toepassing op iedere onderwyser wat  
epaslik. in diens van die Departement op die eerste dag van April 1938 is of wat in die gemelde diens daarna aangestel word."

(2) Nieteenstaande enigiets in subartikel (1) hiervan vervat, word bepaal dat geen onderwyser wat in die diens van die Departement op die eerste dag van April 1938 was, enige vermindering van salaris of van verhogingsverwachting moet ly deur die invoering van enige nuwe salarisskaal wat in werking tree vanaf die vermelde datum, as vergeleke met die skaal waarop hy gedien het tot en voor die bedoelde datum.

4. Artikel *sewe-en-sestig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

"Salarisskale: 67. Die skale van jaarlikse salarisse vir onderwysers in plaasskole is soos hieronder in besonderhede vermeld:—

Graad van onderwyser:	Manne:	Vroue:
Graad A.	£150 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £200.	£120 met jaarlikse verhogings van £7.10 opklimmende tot £150.
Graad B.	£195 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £245.	£150 met jaarlikse verhogings van £7.10 opklimmende tot £180.
Graad C, D of E.	£250 mit jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £300.	£180 met jaarlikse verhogings van £7.10 opklimmende tot £210."

5. Artikel *agt-en-sestig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

"Salarisskale: 68. (1) Die skale van jaarlikse salarisse vir assistent onderwysers in Primêre skole is soos hieronder in besonderhede vermeld:—

Grade of Teacher.	Men.	Women.
Grade A.	£225 rising by annual increments of £15 to £450.	£180 rising by annual increments of £10 to £340.
Grade B.	£270 rising by annual increments of £15 to £450.	£200 rising by annual increments of £10 to £340.
Grade C, D or E.	£315 rising by annual increments of £15 to £450.	£220 rising by annual increments of £10 to £340.

(2) The scales of annual salaries for principal teachers of Primary Schools shall be as detailed hereunder, varying, according to the following table, with the established enrolment of pupils:—

Class of School.	Established enrolment.	Men.	Women.
Class I Special:	500 or more pupils	£500 rising by annual increments of £20 to £700.	£350 rising by annual increments of £15 to £500.
Class I.	From 300 up to and including 499.	£450 rising by annual increments of £20 to £650.	£325 rising by annual increments of £15 to £475.
Class II.	From 200 up to and including 299.	£400 rising by annual increments of £20 to £600.	£300 rising by annual increments of £15 to £450.
Class III.	From 100 up to and including 199.	£350 rising by annual increments of £20 to £550.	£275 rising by annual increments of £15 to £425.
Class IV A.	From 50 up to and including 99.	As laid down in sub-section (1) for assistant teachers, with an addition of £50 per annum in the case of men, and £30 per annum in the case of women.	
Class IV B.	Less than 50.	As laid down in sub-section (1) for assistant teachers with an addition of £30 per annum in the case of men, and £20 per annum in the case of women."	

6. Section *sixty-nine* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

"Scales of salaries: High Schools and Secondary Schools.

69. (1) The scales of annual salaries for assistant teachers in Secondary Schools graded as High Schools and in Secondary Schools not graded as High Schools employed mainly in standards below the seventh standard shall be the same as the scales for assistant teachers in Primary Schools, as laid down in sub-section (1) of section *sixty-eight*.

(2) The scales of annual salaries for assistant teachers in Secondary Schools graded as High Schools and in Secondary Schools not graded as High Schools employed mainly in standards above the sixth standard shall be as detailed hereunder:—

Class of Teacher.	Qualification.	Men.	Women.
Class A.	An approved course of study extending over a period of two years after the attainment of the Matriculation Standard.	£245 rising by annual increments of £15 to £515.	£200 rising by annual increments of £10 to £350.

Graad van onderwyser:	Manne:	Vroue:
Graad A.	£225 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £450.	£180 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £340.
Graad B.	£270 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £450.	£200 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £340.
Graad C, D of E.	£315 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £450.	£220 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £340.

(2) Die skale van die jaarlikse salarisse van hoofonderwysers van primêre skole is soos hieronder in besonderhede vermeld en verskil, volgens die volgende tabel, met die vaste inskrywing van leerlinge:—

Klas van Vaste Inskool:	Vaste Inskrywing:	Manne:	Vroue:
Klas I spesiaal:	500 of meer leerlinge.	£500 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £700.	£350 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £500.
Klas I.	Van 300 tot en met 499 leerlinge.	£450 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £650.	£325 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £475.
Klas II.	Van 200 tot en met 299 leerlinge.	£400 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £600.	£300 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £450.
Klas III.	Van 100 tot en met 199 leerlinge.	£350 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £550.	£275 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £425.
Klas IV A.	Van 50 tot en met 99 leerlinge.	Soos in subartikel (1) vir assistent-onderwysers bepaal met 'n toevoeging van £50 per jaar in die geval van 'n man en £30 per jaar in die geval van 'n vrou.	
Klas IV B.	Minder as 50.	Soos in subartikel (1) vir assistent-onderwysers bepaal met 'n toevoeging van £30 per jaar in die geval van 'n man en £20 per jaar in die geval van 'n vrou."	

6. Artikel *nege-en-sestig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

69. (1) Die skale van die jaarlikse salarisse vir assistent onderwysers in sekondêre skole gegradeer as hoëre skole en in sekondêre skole nie as hoëre skole gegradeer nie, hoofsaaklik diensdoende in standerds benede die sewende standerd is dieselfde as die skale vir assistent onderwysers in primêre skole soos vasgestel in subartikel (1) van artikel *agt-en-sestig*.

(2) Die skale van jaarlikse salarisse vir assistent onderwysers in sekondêre skole gegradeer as hoëre skole en in sekondêre skole nie as hoëre skole gegradeer nie, hoofsaaklik diensdoende in standerds bo die sesde standerd is soos hieronder in besonderhede vermeld:—

Klas van onderwyser:	Kwalifikasie:	Manne:	Vroue:
Klas A.	'n Goedgekeurde studiekursus wat tweejaarverder geloop het as die matrikulasie-standerd.	£245 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £515.	£200 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £350.

Class of Teacher.	Qualification.	Men.	Women.	Klas van onderwyser.	Kwalifikasie.	Manne.	Vroue.
Class B.	An approved course of study extending over a period of three years after the attainment of the Matriculation Standard.	£280 rising by annual increments of £15 to £550.	£240 rising by annual increments of £10 to £420.	Klas B.	'n Goedgekeurde studiekursus wat drie jaar verder geloop het as die matrikulasiestanderd.	£280 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £550.	£240 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £420.
Class C.	An approved course of study extending over a period of four years after the attainment of the Matriculation Standard.	£330 rising by annual increments of £15 to £600.	£270 rising by annual increments of £10 to £450.	Klas C.	'n Goedgekeurde studiekursus wat vier jaar verder geloop het as die matrikulasiestanderd.	£330 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £600.	£270 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £450.
Class D.	An approved course of study extending over a period of five years after the attainment of the Matriculation Standard.	£380 rising by annual increments of £15 to £620.	£300 rising by annual increments of £10 to £460.	Klas D.	'n Goedgekeurde studiekursus wat vyf jaar verder geloop het as die matrikulasiestanderd.	£380 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £620.	£300 met jaarlikse verhogings van £10 opklimmende tot £460.

The classification of teachers in the abovementioned classes, and the approval of courses of study shall be matters for the decision of the Director, and his decision shall be final.

In regard to the said classification the provisions of section *sixty-four* shall not apply.

(3) At the end of the first quarter in every year, the Director shall decide, in regard to every assistant teacher employed in a Secondary School, whether such assistant teacher shall, from the commencement of the next quarter, be deemed to be employed mainly in standards below the seventh standard or in standards above the sixth standard. In making such decision the Director shall have regard to the time actually devoted by the teacher to teaching in the higher and lower standards, respectively, during the preceding four quarters. The decision of the Director shall be final.

(4) The scales of annual salaries for principal teachers of Secondary Schools not graded as High Schools shall be as detailed hereunder:

- (a) As for principal teachers of Primary Schools, with an addition of £125 per annum, where the pupils in the seventh and eighth standards combined do not number more than 20.
- (b) As for principal teachers of Primary Schools, with an addition of £150 per annum, where the pupils in the seventh and eighth standards combined number more than 20 but less than 40.
- (c) As for principal teachers of Primary Schools, with an addition of £175 per annum, where the number of pupils in the seventh and eighth standards combined number 40 or more.

(5) The scales of annual salaries for principal teachers of High Schools shall be as detailed hereunder:—

Class of Teacher.	Established enrolment.	Men.	Women.
Class A.	175 pupils or more.	£700 rising by annual increments of £20 to £900.	£475 rising by annual increments of £15 to £625.
Class B.	Less than 175 pupils.	£650 rising by annual increments of £20 to £850.	£425 rising by annual increments of £15 to £575."

Die indeling van onderwysers in bogenoemde klasse en die goedkeuring van die studiekursusse sal berus by die Direkteur alleen en sy beslissing sal finaal wees.

Ten aansien van die bedoelde indeling is die bepaling van artikel *vier-en-sestig* nie van toepassing nie.

(3) Aan die end van die eerste kwartaal van elke jaar beslis die Direkteur in die geval van iedere assistent onderwyser in diens in 'n sekondêre skool of sulke assistent onderwyser vanaf die begin van die volgende kwartaal beskou sal word as hoofsaaklik diensdoende in standerds benede die sewende standerd dan of hy beskou sal word as hoofsaaklik diensdoende in standerds bo die sesde standerd. Wanneer hy so beslis neem die Direkteur in aanmerking die tyd werklik deur die onderwyser bestee aan die gee van onderrig in die hoëre en laere standerds respektiefflik gedurende die voorafgaande vier kwartale. Die beslissing van die Direkteur is finaal.

(4) Die skale van die jaarlikse salarisse vir hoofonderwysers van sekondêre skole nie as hoëre skole gegradeer nie is soos hieronder in besonderhede vermeld:—

- (a) Soos vir hoofde van Primêre skole, met 'n toevoeging van £125 per jaar indien die aantal leerlinge in die sewende en agste standerds tesame nie meer as 20 is nie.
- (b) Soos vir hoofde van Primêre skole, met 'n toevoeging van £150 per jaar, mits die aantal leerlinge in die sewende en agste standerds tesame meer as 20 maar minder as 40 is.
- (c) Soos vir hoofde van Primêre skole, met 'n toevoeging van £175 per jaar, mits die aantal leerlinge in die sewende en agste standerds tesame 40 of meer is.

(5) Die skale van jaarlikse salarisse vir hoofonderwysers van hoër skole is soos hieronder in besonderhede vermeld:—

Klas van skool:	Vaste inskrywing:	Manne:	Vroue:
Klas A.	175 leerlinge of meer.	£700 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £900.	£475 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £625.
Klas B.	Minder as 175 leerlinge.	£650 met jaarlikse verhogings van £20 opklimmende tot £850.	£425 met jaarlikse verhogings van £15 opklimmende tot £575."

7. Section *seventy-five* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

“Addition to salaries of principal teachers of Primary and Secondary Schools an integral part of salary.”

75. The addition made to the salary of a principal teacher of a Primary School, according to the established enrolment of the pupils in the school, in terms of sub-section (2) of section *sixty-eight* in the case of Class IV A and Class IV B schools, and similarly the addition made to the salary of a principal teacher of a Secondary School in terms of sub-section (4) of section *sixty-nine*, shall for all purposes, including calculation of pension contributions, pension and territorial allowance, be deemed to be an integral part of the salary of the principal teacher.”

8. Section *seventy-six* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

“Fixing of teacher's salary.”

76. (1) The salary of a teacher entering the service of the department shall be the minimum of the scale attached to the post to which he is appointed with the addition of one annual increment for every approved year of experience, provided that, where a teacher has been in receipt of a salary applicable to a Primary School and is appointed in the Territory on a Secondary or High-school scale, such teacher shall receive the minimum salary on such higher scale, or, where such teacher is already in receipt of a salary which exceeds such minimum, he shall be placed on the notch on such scale which represents the first incremental stage above the salary which he received on the lower scale; provided further that, if such teacher's salary on the Primary School scale which would be applicable to him in the Territory would be higher than it is on the Secondary or High School scale which is so applicable to him, such teacher shall be placed on such notch of the Secondary or High School scale as would bring him above the notch on the Primary School scale which would be so applicable to him.

(2) If at any time any annual salary increment shall have been withheld from any teacher, the period as for which such increment was withheld shall not be considered for the purposes of this section as part of such teacher's experience.”

9. Section *seventy-seven* of the principal proclamation is hereby repealed and the following section substituted therefor:—

“Fixing of salary in case of promotion to higher scale.”

77. A teacher on the fixed establishment of the Department who is promoted to a higher scale of payment shall receive initially the minimum of such scale in salary, unless he is already in receipt of a salary which exceeds such minimum, in which event he shall be placed on such notch of such higher scale as represents the first incremental stage above the salary which he was receiving. Thereafter his incremental date for the purpose of future increment shall be the date of such promotion.”

10. Sections *seventy-eight* and *seventy-nine* of the principal proclamation are hereby repealed.

11. Section *eighty* of the principal proclamation is hereby amended by the deletion of the words “the rules laid down in section *seventy-six*” and the substitution therefor of the following words:—

“the following rules:

- (a) In case of promotion the rules laid down in section *seventy-seven* shall be followed.
- (b) Where a teacher has to be placed on a lower salary scale, the following rules shall apply:
  - (i) If such teacher is drawing on the higher scale a salary lower than the maximum of the lower scale on which he is to be placed, his salary will for the time remain as before and at the next incremental date he will be placed on the notch representing the next incremental stage on the lower scale.
  - (ii) If such teacher is drawing on the higher scale a salary higher than the maximum of the lower scale on which he is to be placed, he shall be placed on the maximum of such lower scale.”

7. Artikel *vyf-en-sewentig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

“Toevoeging aan salaris van hoof-onderwyser van primêre en sekondêre skole 'n onafskeidelike deel van salaris.”

75. Die toevoeging wat ingevolge subartikel (2) van artikel *agt-en-sestig* in die geval van klas IV A en Klas IV B skole aan die salaris van 'n hoofonderwyser van 'n primêre skool gemaak word volgens die vaste inskrywing van leerlinge in die skool, en insgelyks die toevoeging wat ingevolge subartikel (4) van artikel *nege-en-sestig* aan die salaris van 'n hoofonderwyser van 'n sekondêre skool gemaak word, word vir alle doeleindes, met inbegrip van die berekening van pensioenbydrae, pensioen en gebiedstoelae, geag 'n onafskeibare deel van die salaris van die hoofonderwyser te wees.”

8. Artikel *ses-en-sewentig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en deur die volgende artikel vervang:—

“Vasstelling van die salaris van 'n onderwyser.”

76. (1) Die salaris van 'n onderwyser wat in diens tree van die departement sal die minimum van die skaal wees wat verbonde is aan die pos wat deur hom beklee sal word met die toevoeging van een jaarlikse verhoging vir elke goedgekeurde jaar van sy ondervinding; met dien verstande dat waar 'n onderwyser 'n salaris aan 'n Primêreskool verbonde ontvang het en in die Gebied op 'n Sekundêre of Hoërskool-skaal aangestel word, ontvang sodanige onderwyser die minimum salaris op sodanige hoër skaal, of waar sodanige onderwyser alreeds in ontvangs is van 'n salaris wat hoër is as sodanige minimum, moet hy op die trap van sodanige skaal geplaas word wat sou ooreenkom met een verhoging bo die salaris wat hy op die laer skaal ontvang het; met dien verstande verder dat indien sodanige onderwyser se salaris op 'n Primêreskool-skaal wat in die Gebied op hom van toepassing sou wees, hoër sou wees as die salaris op die Sekundêre of Hoërskool-skaal wat op hom van toepassing is word sodanige onderwyser op sodanige trap van die Sekundêre of Hoërskool-skaal geplaas as wat net hoër is as die trap op die Primêreskool-skaal wat op hom aldus van toepassing sou wees.

(2) Indien ter eniger tyd 'n jaarlikse salarisverhoging van 'n onderwyser teruggehou is, word die tydperk waarin sodanige verhoging teruggehou is, vir die doeleindes van hierdie artikel nie meegerekend as deel van sodanige onderwyser se ondervinding nie.”

9. Artikel *sewe-en-sewentig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep en vervang deur die volgende artikel:—

“Vasstelling van salaris in geval van bevordering na 'n hoër skaal.”

77. 'n Onderwyser op die vaste diensstaat van die Departement wat bevorder word na 'n hoër salarisskaal, ontvang by die begin die minimum salaris op sodanige skaal tensy hy alreeds in ontvangs is van 'n salaris wat hoër is as sodanige minimum, in welke laaste geval hy op 'n trap van sodanige hoër skaal geplaas word as wat ooreen sou stem met een verhoging bo die salaris wat hy ontvang het. Daarna val sy verhogingsdatum vir die doeleindes van toekomstige verhogings op die dag waarop hy bevordering ontvang het.”

10. Artikels *agt-en-sewentig* en *nege-en-sewentig* van die hoofproklamasie word hiermee herroep.

11. Artikel *tagtig* van die hoofproklamasie word hiermee gewysig deur skraping van die woorde “die reëls deur artikel *ses-en-sewentig* neergelê”, en die vervanging daarvan deur die onderstaande woorde:—

“die onderstaande reëls:—

- (a) In die geval van bevordering word die reëls in artikel *sewe-en-sewentig* toegepas;
- (b) Indien 'n onderwyser op 'n laer salarisskaal geplaas moet word, is die onderstaande reëls van toepassing:—
  - (i) Indien sodanige onderwyser 'n salaris op die hoër skaal trek wat laer is as die maksimum van die laer skaal waarop hy geplaas moet word, bly sy salaris dieselfde totdat sy salaris op die volgende verhogingsdatum op die trap wat die eersvolgende verhoging op die laer skaal uitmaak vasgestel word.
  - (ii) Indien sodanige onderwyser 'n salaris volgens die hoër skaal ontvang, wat hoër is as die maksimum van die laer skaal waarop hy geplaas moet word, word hy op die maksimum van sodanige laer skaal geplaas.”

12. The following rules shall be followed in regard to the adjustment of the salaries of teachers, who are in the service of the department at the date when this proclamation comes into force, to the new salary scales put in force by the amendments made to the principal proclamation by this proclamation.

- (1) Where the existing salary corresponds to a notch on the new scale, adjustment will be made on to such notch, and the teacher will retain his existing incremental date for the purpose of future increments; provided that, where a teacher has been serving for at least twelve months on the maximum of his existing scale, he shall be placed on the next higher incremental notch of the new scale, and will thereafter be considered for annual increments on the first day of April.
- (2) Where the existing salary does not correspond to a notch on the new scale, the teacher shall be placed on the next higher incremental notch on such scale, and will thereafter be considered for annual increments on the first day of April, provided that if such teacher suffers any prejudice by the fixing of such date as his incremental date in comparison with his chances of increment on his existing scale, he shall retain his existing incremental date for the purpose of future increment.
- (3) The Director shall decide all matters arising out of the application of the provisions of this section, and his decision shall be final.

13. Section *two* of the Education Amendment Proclamation 1933 (Procl. No. 12 of 1933) is hereby repealed.

14. This Proclamation shall be called the Education Proclamation Amendment Proclamation, 1938, and shall be deemed to have been in force as from the first day of April, 1938.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 8th day of June, 1938.

D. G. CONRADIE,  
*Administrator.*

12. By die reëling van salarisse van onderwysers wat ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie proklamasie in die diens van die Departement is, na die nuwe salarisskaal ingestel deur die wysigings wat aan die hoofproklamasie deur hierdie proklamasie gemaak, moet die onderstaande reëls toegepas word:—

- (1) Waar die bestaande salaris ooreenstem met 'n trap op die nuwe skaal word die salaris op sodanige trap gereël, en die onderwyser behou sy bestaande verhogingsdatum vir doeleindes van toekomstige salarisverhogings; met dien verstande dat waar 'n onderwyser alreeds vir tenminste twaalf maande op die maksimum van sy bestaande salaris diens gedoen het, hy op die eersvolgende hoër trap van die nuwe skaal geplaas word, en sy verhogingsdatum daarna op die eerste dag van April in elke jaar val.
- (2) Waar die bestaande salaris nie met 'n trap op die nuwe skaal ooreenstem nie, word die onderwyser op die eersvolgende hoër trap op sodanige skaal geplaas, en vir toekomstige salarisverhogings moet die eerste April sy salarisverhogingsdatum wees; met dien verstande dat indien die onderwyser daardeur in vergelyking met sy kans van verhoging volgens die ou skaal benadeel sou word, hy vir toekomstige bevorderings op die nuwe skaal sy teenswoordige salarisverhogingsdatum behou.
- (3) Die Direkteur beslis oor alle aangeleenthede wat uit die toepassing van die bepalinge van hierdie artikel mag ontstaan, en sy beslissing is finaal.

13. Artikel *twee* van die Onderwys Proklamasie Wysigingsproklamasie 1933 (Proklamasie No. 12 van 1933) word hiermee herroep.

14. Hierdie proklamasie heet die Onderwys Proklamasie Wysigingsproklamasie, 1938, en word beskou in werking te wees vanaf die eerste dag van April, 1938.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 8ste dag van Junie 1938.

D. G. CONRADIE,  
*Administrateur.*

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,  
*Actg. Secretary for South West Africa.*

Office of the Administrator,  
Windhoek.

No. 83.]

[28th May, 1938.

I, DAVID GIDEON CONRADIE, Administrator of South West Africa, give notice in terms of sub-section (2) of section *three* of the Prohibited Areas Proclamation, 1928 (No. 26 of 1928), that the First Schedule of the aforesaid Proclamation is hereby amended by the deletion of all the words occurring after the words "the farm Okatambaka No. 266;" in lines 125 and 126 of the said Schedule and the substitution therefor of the words —

"thence due north in a straight line to a point on this line where a line running eight kilometres northwards from and parallel to the centre course of the Eiseb Omuramba intersects it; thence continuing generally north-eastwards and eastwards along a line eight kilometres from and parallel to the centre course of the Eiseb Omuramba to a point due north of the north-eastern corner of the Epukiro Native Reserve No. 329, as defined by Government Notice No. 109 of 1925, dated the 17th August, 1925; thence due south in a straight line to the north-eastern corner of the said Native

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,  
*Waarn. Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 83.]

[28 Mei 1938.

Ek, DAVID GIDEON CONRADIE, Administrateur van Suidwes-Afrika, gee kennis kragtens subartikel (2) van artikel drie van die Verbode Gebiede Proklamasie, 1928 (No. 26 van 1928), dat die Eerste Bylae van die voormelde Proklamasie hiermee gewysig word deur skraping van al die woorde wat na die woorde "die plaas Okatambaka, No. 266" in reëls 119 en 120 van die genoemde Bylae voorkom en die vervanging daarvan deur die woorde:—

"vandaar reg noord in 'n reguit lyn tot by 'n punt op hierdie lyn waar 'n lyn wat 8 kilometers noordwaarts van en eweredig met die middelloop van die Eiseb Omuramba loop, dit sny; vandaar verder in 'n algemene noordoostelike en oostelike rigting langs 'n lyn agt kilometer van en eweredig met die middelloop van die Eiseb Omuramba tot by 'n punt reg noord van die noordoostelike hoek van die Epukiro Naturelleserwe No. 329, soos omskryf in Goewermentskennisgewing No. 109 van 1925, van die 17de Augustus, 1925; vandaar reg suidwaarts in 'n reguit lyn tot by die noordoostelike

Reserve; thence southwards, continuing along the eastern boundaries of the Epukiro Native Reserve No. 329 and the farms No. 434, No. 438, No. 439, No. 447 and No. 521, in the district of Gobabis, to a point of Longitude 20° East and Latitude 22° South.

D. G. CONRADIE,  
Administrator.

Windhoek,  
28th May, 1938.

No. 84.]

[1st June, 1938.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment, vice Mr. A. W. Leppan transferred, of Mr. LESLIE DEAN THOMPSON, as a Registering Officer for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of Luderitz as published under Government Notice No. 130 dated the 10th July, 1930, with effect from the date of his assumption of duty.

No. 85.]

[1st June, 1938.

OKAHANDJA CATTLE IMPROVEMENT AREA:  
APPOINTMENT OF MEMBER OF BOARD.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-sections (1), (2), (3) and (4) of section *three* of the Cattle Improvement Ordinance, 1930 (No. 10 of 1930), as amended, to appoint the following person to serve on the Board created by him for the district of OKAHANDJA, in place of and for the unexpired period of office of Mr. J. C. E. Dahl, resigned:—

HANS WOLF, Esq.

No. 86.]

[15th June, 1938.

SPECIAL JUSTICE OF THE PEACE, KARIBIB.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (1) of section *nine* of the Special Justices of the Peace Proclamation, 1921, to appoint JOHANNES NICOLAAS LAMBRECHTS as Special Justice of the Peace at Karibib, in the District of Karibib, vice Mr. W. O. H. Menge transferred, with effect from the 28th May, 1938.

No. 87.]

[15th June, 1938.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of section *five*, sub-section (1), of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of JOHANNES NICOLAAS LAMBRECHTS, Special Justice of the Peace at Karibib, as a Marriage Officer for South West Africa, with effect from the 28th May, 1938.

No. 88.]

[15th June, 1938.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. JOHANNES NICOLAAS LAMBRECHTS, with effect from the 28th May, 1938, vice Mr. W. O. H. Menge transferred, as Registering Officer, for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of Karibib as published under Government Notice No. 159 of the 27th day of August, 1932.

No. 89.]

[15th June, 1938.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. JOHANNES NICOLAAS LAMBRECHTS as an Authorised Officer at Karibib for the purpose of the Extra-Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation No. 29 of 1935), with effect from the 28th May, 1938, vice Mr. W. O. H. Menge transferred.

hoek van die genoemde natuurelleserwe; vandaar suidwaarts verder langs die oostelike grense van die Epukiro Natuurelleserwe No. 329 en die plase No. 434, No. 438, No. 439, No. 447 en No. 521, in die distrik Gobabis tot by 'n punt, Lengtegraad 20° oos en Breedtegraad 22° suid.

D. G. CONRADIE,  
Administrateur.

Windhoek,  
28 Mei 1938

No. 84.]

[1 Junie 1938.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Mnr. LESLIE DEAN THOMPSON, in die plek van Mnr. A. W. Leppan, wat verplaas is, as 'n Registrasie-amptenaar vir die doel om die bevoegd-hede uit te oefen en die pligte te vervul wat aan Registrasie-amptenare toegeken is deur die regulasies wat opgetrek is ooreenkomstig die bepalings van "De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamatie 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924), ten aansien van die geproklameerde kring van Luderitz, soos gepubliseer volgens Goewermentskennisgewing No. 130 van 10 Julie 1930, met ingang vanaf die datum van sy diensaanvaring.

No. 85.]

[1 Junie 1938.

OKAHANDJA BEESTEVEEBETERINGSGBIED:  
AANSTELLING VAN LID VAN RAAD.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikels (1), (2), (3) en (4) van artikel *drie* van die Beesteverbeterings-Ordonnansie 1930 (No. 10 van 1930), soos gewysig, die volgende persoon aan te stel om op die Raad te dien van deur hom vir die distrik van OKAHANDJA in die lewe geroep is, in die plek van en vir die onverstreke ampstyd van Mnr. J. C. E. Dahl, wat afgetree het:—

Die Heer HANS WOLF.

No. 86.]

[15 Junie 1938.

SPESIALE VREDEREGTER, KARIBIB.

